http://www.christelikebiblioteek.co.za of http://proregno.com
Jaargang 5, Nr 3 • GRATIS!

# Kelkiewyn

Roepstem uit die Dorsland

## Wie sê julle is JESUS?

Jesus is die Christus.

Jesus Christus - My God.

Christus: ons Verlosser, ons troos.

Jesus - bestem tot jou val of opstanding.

Jesus Christus is God en die rede vir my Kindskap.

# ‘n Naam bo elke naam

### Van groot waarde in die Bybel

Die naam Jesus was só belangrik dat dit voor die geboorte van Christus deur ‘n boodskapper van God self aan Josef meegedeel is. Die betekenis van die naam wat deur die engel geopenbaar is, is ‘n evangelie in die kleine, waarin elke deel van die naam ‘n preek op sy eie is (Matt. 1:21). Deur hierdie Naam word die mens gered (Hand. 4:12).

Die naam Christus is so betekenisvol dat, toe Petrus die Naam bely het, Jesus verklaar het dat Petrus ‘salig’ is, omdat hy die Naam net kon weet omdat God self dit aan hom geopenbaar het (Matt. 16:17). Wanneer hierdie Naam bely word, is dit die onbeweeglike fondament van die kerk (v. 18) en bewys van die wedergeboorte (1 Joh. 5:1). In die twee briewe van Johannes word hulle wat die Naam nie bely nie, aan die kaak gestel as die Antichris en ‘n verleier (1 Joh. 2:22; 1 Joh. 4:3; 2 Joh. 7).

Ons word ook, wat die naam Here betref, geleer dat dié naam so groot is dat niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe as die Heilige Gees jou dit laat besef (1 Kor. 12:3). Wat vir die naam Here geld, is ook waar van al die ander name van ons Saligmaker.

### Jesus se Name leer wie en wat Hy is

Die name van Jesus is belangrik omdat hulle, anders as ons name, presies sê wie Hy en wat Hy is. Die name is deel van God se openbaring in Jesus Christus en daarom ‘n belangrike deel van die evangelieboodskap, die blye boodskap van verlossing. Kennis en belydenis van dié name beteken verlossing. Daarom word daar so baie name van Jesus en van God en van die Heilige Gees in die Bybel gegee. ’n Mens kan tot 150 verskillende name vir Jesus in die Bybel vind. Dit is ‘n seën om hulle almal te kan ken en weet wat hulle beteken!

Die seën en ontvangs van seëninge word egter nie gebring deur ‘n betekenislose herhaling of dreunsang van die name nie. Wat saak maak, is kennis van die betekenis van die name uit die Woord van God. Deur so ‘n kennis is ons geloof sterk; weet ons in wie ons glo en word ons oortuig van die reddende krag van Jesus (2 Tim. 1:12). Daar moet geloof in sy name wees — dié geloof dat Hy alles is wat deur sy name verklaar word. Sonder kennis is geloof baie swak.

### Verskillende name beklemtoon verskillende eienskappe

Die name vir ons Saligmaker, in die Bybel opgeskryf, is almal deur God gegee om aan ons die heerlikheid en krag van Jesus as Saligmaker te leer. Sommige van die belangrikste name is: *Jesus*, *Here*, *eniggebore Seun van God*, *Seun van die mens* en *Immánuel*.

Sy baie ander name is ook belangrik want hulle beklemtoon verskillende ander dinge in verband met Hom. Name soos “*narsing van Saron”* en “*lelie van die dale”* (Hoogl. 2:1) verwys na sy skoonheid as die Saligmaker. Name soos “*die Leeu uit die stam van Juda”* (Openb. 5:5) en “*Owerste oor die konings van die aarde”* (Openb. 1:5) herinner ons aan sy koninklike mag.

Ander name, soos “*seun van Dawid”* (Matt. 1:1), “*die wortel uit die geslag van Dawid”* (Openb. 22:16), “*die Hoof”* (Kol. 2:19) en “*bruidegom”* (Matt. 9:15) verwys na Hom in sy verhouding tot die kerk van beide die Ou en Nuwe Testament.

Daar is ook name wat na die Saligmaker se vernedering verwys, soos “*wortel uit droë grond”* (Jes. 53:2) en ander wat spreek van sy verhoging, soos “*Here van die heerlikheid”* (1 Kor. 2:8). Ander name vertel van sy godheid: “*Beeld van die onsienlike God”* (Kol. 1:15), “*Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader”* (Jes. 9:5), “*die Woord*” (Joh. 1:1) en “*Alfa en Oméga”* (Openb. 1:8). Ander name beklemtoon sy mensheid: “*Eersgeborene”* (Kol. 1:15), “*eersgeborene uit die dode”* (Openb. 1:5) en “*Seun van Dawid*” (Matt. 21:9).

Baie van die Saligmaker se name beskryf sy werk: “*Lam van God”* (Joh. 1:29), “*Vredevors”* (Jes. 9:5), “*die goeie herder”* (Joh. 10:11) en “*leidsman”* (Matt. 2:6). Sommige name beklemtoon dit wat Hy deur




sy werk vir ons beteken: “*son van geregtigheid”* (Mal. 4:2), “*Engel van die verbond”* (Mal. 3:1), “*die weg en die waarheid en die lewe”* (Joh. 14:6), “*die brood van die lewe”* (Joh. 6:48) en “*die getroue getuie”* (Openb. 1:5).

Uit hierdie name leer ons dat Jesus ewig, almagtig, onveranderlik, getrou en allerheerlik is; dat Hy alles sien en weet en oor alle dinge regeer; dat Hy die openbaring van God in die vlees is, die enigste Verlosser van sy volk. Alles wat ons van Hom weet, word immers in een van sy name omvat. Daarom is die name van Jesus so ‘n belangrike deel van God se openbaring aan ons.

Ons sien in elkeen van sy name dat Hy ‘n naam het “wat bo elke naam is” (Filip. 2:9). Uit sy name leer ons dat daar geen ander Verlosser is nie, daarom word ons aangespoor om ons geloof en vertroue in Hom alleen te stel. Só is Hy vir ons wat sy name ken, volkome lieflik, uitnemender as tienduisend, en só kan ons van Hom sê: “Dit is my beminde en dit is my vriend” (Hoogl. 5:16).

Ken jy die name van Jesus? Ken jy Hom in sy name — ken jy Hom persoonlik as jou Verlosser? Het jy sy name lief, lief genoeg om hulle voor die wêreld te bely? Dan is jy, soos Petrus, geseën.

*(Geneem uit verskeie dele van die boek: “Doctrine according to Godliness” van Ronald Hanko. Die boek word tans vertaal deur Nic Grobler. Redaksionele aanpassings is gemaak om by die tydskrif formaat aan te pas.)*



## Redaksioneel

### Van die Redakteur

Wie sê julle is Jesus? Ons sou al die Kelkiewyn se uitgawes tot en met die wederkoms kon wy aan hierdie tema, maar ons gaan die vraag probeer beantwoord deur te kyk na die name van Jesus Christus. Ons gaan nie die name wat ons as mense self vir Hom uitgedink het of die troetelname waarmee ons Hom graag sou wou aanspreek, bespreek nie, maar die name wat aan ons geopenbaar word in die Bybel.

Hierdie name van Jesus is belangrik omdat hulle, anders as ons name, presies sê wie en wat Hy is. Die name is deel van God se openbaring in Jesus Christus en daarom ‘n belangrike deel van die evangelieboodskap. Stap saam deur hierdie uitgawe om ons Verlosser werklik beter te leer ken.

Die tematiese artikels is almal geneem en verwerk uit die vertaling van ’n Engelse boek van Ds. Ronald Hanko, “*Doctrine according to Godliness”* wat by **Leeslus** bespreek word. **Relevant** kyk na ‘ ’n Naam bo elke naam’, **Ywer** bespreek: ‘My Here en my God’ en in **Mikpunt** word bely: ‘Jesus is die Christus’. Die **Kuikens** kan uitsien na die beskrywing van ‘Die goeie Herder’, Ds. Hannes bespreek in **Leef**: ‘Christus: Ons Verlosser, ons troos’ en Morne skryf aan die jonges in **Verbonde** dat Jesus Christus ’n persoonlike God is.

Oudergewoonte dis Cynthia weer vir ons ’n heerlike resep op in die rubriek **Opgedis** en hierdie keer skep sy Spinasie Quiche. **Maatstok** maak plek vir nog ’n artikel wat by ons tema inpas: ‘Jesus as mens’ en dan oordink ons Simeon se profesie oor die Kindjie Jesus.

Dr. Erich bespreek ‘Hepatitis’ onder **Medisyne**, **Webvlug** kyk na hulp om die internet generasie groot te maak en **Wie is in beheer** beloof om vrae te antwoord oor die Heilige Gees en ons verlossing.

Dit is ons bede dat die Kelkiewyn jou in jou geloofslewe sal toerus. Geniet elke eier hierin gelê en mag die roep van die Kelkiewyn in jou hart broeiplek kry en in jou lewe opvlieg!


### Redaksie

**Redakteur**
Ds. Neil Prinsloo
redakteur@kelkiewyn.za.net
+264 81 -294 0055



**Taalsuiwerheid**
Tienie Duvenhage
info@uitspanhunting.com



**Bladuitleg**
Dina Adamson
dina.adamson@iway.na





# Jesus is die Christus

## Die naam Jesus

Van al die name van ons Saligmaker is die naam Jesus uitsonderlik. Dit is sy persoonlike naam, die naam wat sy Vader Hom gegee het en dit is die naam waarmee Hy bekend en geliefd is in die huisgesin van God. Dit is die naam waarmee ons, bo alle ander name, met Hom en van Hom praat.

## Wat beteken Jesus?

As ons die betekenis van die naam Jesus in gedagte hou, besef ons ook hoe wonderlik dié naam is. Hierdie persoonlike naam in die huisgesin van God beteken 'Verlosser' of 'Jehova verlos'. Dink net daaraan — elke keer as ons met Hom of van Hom persoonlik praat, sê ons dat Hy, en Hy alleen, die Verlosser van God is.

Die betekenis van die naam Jesus is deur die engel Gabriël geopenbaar toe hy die geboorte van Jesus vir Josef aangekondig het: "*Jy moet Hom Jesus noem*," het die engel gesê, "*want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos*" (Matt. 1:21). Wat 'n ryke betekenis is daar nie in die één naam nie! Omdat Jesus se persoonlike naam na Jehova verwys (die Je- is 'n verkorting van Jehova) beteken die boodskap van die engel oor die naam Jesus dat dit Jehova is wat verlos. Niemand anders kan nie. Jesus is God se Verlosser, nie alleen omdat Hy van God kom nie, maar ook omdat dit God is wat deur Hom verlos.

## Verlosser van gelowiges se sondes

Die naam van Jesus is ook sprekend van die sekerheid van verlossing vir almal wat in Hom glo. Hy sal sy volk verlos! Hy is die ware en sekere Verlosser, omdat Hy van God kom en die groot verlossing van God bring. Sy naam spreek selfs daarvan dat Hy net sy volk, diegene wat die Vader Hom gegee het, verlos. Hy is nie die Verlosser van alle mense, sonder uitsondering, nie. Vir sommige mense is dit 'n vreeslike waarheid, maar vir hulle wat dit verstaan, is dit 'n wonderlike waarheid vol van seën. Hy is nie iemand wat Verlosser vir almal probeer wees, en ten opsigte van baie misluk nie, maar die Een wat almal wat deur God as sy eie aan Hom gegee is, onfeilbaar seker verlos.

Die naam van Jesus herinner ook daaraan dat Hy 'n Verlosser van die sonde is. Baie wil nie so 'n Verlosser hê nie. Hulle wil net iemand hê wat hulle mae kan vul, hulle liggame kan genees en hulle probleme van die dag kan oplos. Hulle wat deur genade egter weet dat hulle voor God sondaars is en bid "*O God, wees my, sondaar, genadig*" soos die tollenaar in die tempel en nie durf om hulle oë op te hef nie (Luk. 18:13), vind in Christus hulle hartsverlange en die versekering dat daar 'n uitweg is, 'n weg van vergewing en van vrede met God.

Wat 'n seën om Hom as Jesus te ken! Daar is waarlik "*geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie*" (Hand. 4:12). Mag daar baie wees wat hierdie naam ken, nie bloot as die naam van 'n man wat duisende jare gelede geleef het nie, maar as die naam van die Seun van God, hulle Verlosser.

## Die naam Christus

Christus is 'n ander soort naam as Jesus. Christus is 'n titel. Soos ander titels — *President, Eerste Minister, Lid van die Parlement* en *Kongreslid* — beskryf dit die posisie wat Christus beklee en die werk wat Hy in die koninkryk van God doen. Daarom word Jesus soms *die Christus* genoem, net soos iemand anders *die President* genoem word. Die verskil lê daarin dat Christus uniek is. Daar was nooit 'n ander Christus, en daar sal nooit 'n ander Christus wees nie.

## Wat beteken Christus?

Christus beteken 'Gesalfde' (Messias het dieselfde betekenis en is die Ou Testamentiese ekwivalent van die naam Christus). Dit verwys na die feit dat Christus spesiaal deur God aangestel en bestem is om die werk van die koninkryk van God te doen. Hy is in die openbaar met die Gees gesalf by sy doop (Matt. 3:16) soos geprofeteer in Jesaja 61:1-3, waar sy werk as die gesalfde beskryf word.

## Wat is die posisie wat Hy beklee en sy werk in die koninkryk van God?

Hy is Profeet, Priester en Koning. Een van die groot belydenisskrifte van die Reformasie, die Heidelbergse Kategismus, vra "*Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem*?" Gaan lees gerus die antwoord self.

Dit is hierdie profetiese, priesterlike en koninklike ampte waarna verwys word, wat die naam Christus so belangrik maak. Dit is die fondament van die kerk (Matt. 16:18), want die kerk kan nie sonder die werk van Christus as Profeet, Priester en Koning, bestaan nie. Belydenis van die naam Christus is bewys van wedergeboorte (1 Joh. 5:1), want niemand kan in Hom glo tensy Christus as Profeet met hom gepraat het, as Priester vir hom geoffer het en as Koning hom van Satan verlos het nie.

## Deur Christus alleen geleer, regeer en geseën.

Om te bely dat Jesus die Christus is, is nie om bloot die naam uit te spreek nie, maar om te sê dat Hy ons hoogste Profeet, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning is. Daarmee erken ons dat ons deur Hom alleen geleer word, deur Hom alleen regeer word en deur Hom alleen geseën word. Dit is dan geen wonder dat niemand kan sê dat Jesus die Christus is, anders as deur 'n gawe uit die hemel nie.

Dat Jesus die Christus is, beteken ook dat Hy die enigste een is wat hierdie ampte kan beklee en die werk kan doen wat daarby hoort. Ons het nie nodig dat 'n mens ons leer nie (1 Joh. 2:27). Ons het nie 'n ander priester of offerande nodig nie! Ons erken geen ander koning nie, want Hy is Koning van konings en Heer van alle here. Hy is uniek.

Wanneer ons Jesus as die Christus erken, soek ons verlossing in Hom alleen.

*(Geneem uit verskeie dele van die boek: "Doctrine according to Godliness"'van Ronald Hanko. Die boek word tans vertaal deur Nic Grobler. Redaksionele aanpassings is gemaak om by die tydskrif formaat aan te pas.)*

# Jesus Christus is God en die rede vir my kindskap



Een van die belangrikste name van ons Saligmaker is die naam *Here*. Here is 'n eretitel. Hierdie titel is belangrik, want dit herinner ons daaraan dat Jesus God is. 'n Mens het nie verdere bewys van sy Godheid nodig as dat Hy in die Bybel as die Here geïdentifiseer word nie. "*My Here" en "my God*" is in werklikheid een en dieselfde belydenis (Joh. 20:28).

## Ons Here besit en beheer alles

Die titel beklemtoon veral Jesus se eienaarskap van alle dinge. As Here regeer Hy nie net oor alles met soewereine gesag en mag nie, maar alle dinge behoort aan Hom en is ook sy dienaars. Dit is as die Here wat God in Psalm 50:12 sê: "*Die wêreld is myne en sy volheid*". Dit beteken, soos Psalm 119:91 bely, "*alle dinge is u knegte*". Daardie heerskappy het God aan Jesus gegee (Hand. 2:36).

## Twee kante van Heerskappy

### Skepper

Aan die een kant is Hy, as hulle Skepper, die regmatige eienaar van alle dinge, wat met soewereine mag ooreenkomstig sy voorneme, oor hulle regeer. Hierdie aspek van die heerskappy van Christus word soms die heerskappy van sy mag genoem. As Here van alles gebruik Hy alle dinge vir sy eie doel.

### Here van sy volk

Daar is ook wat genoem word die heerskappy van sy genade. In hierdie opsig is Hy die Here van sy volk. Sy volk behoort aan Hom, nie soos die son, maan en sterre nie, maar soos 'n gekoopte skat: "*Hulle sal vir My 'n kosbare besitting wees die dag as Ek ingryp, sê die Here die Almagtige*" (Mal. 3:17). Jesus voer heerskappy oor sy volk, nie deur blote mag nie, maar deur die aangename inwerking van sy genade. Hy regeer hulle nie met 'n ysterstaf nie (Ps. 2:9), maar met 'n herderstaf (Ps. 23:1,4).

### My Here en my God

Hierdie aspek van sy heerskappy kan ons net deur die Heilige Gees bely (1 Kor. 12:3). Wanneer ek sy heerskappy só bely, erken ek nie alleen dat Hy Here is nie, maar dat Hy *my* Here is; dan bely ek dat ek aan Hom behoort, dat ek kosbaar is in sy oë, nie oor wat ek is of oor wat ek gedoen het nie, maar vanweë die bloed wat Hy vir my uitgestort het.

Ek bely dan boonop dat alles wat ek het ook aan Hom behoort. Niks is werklik my eie nie — nie my familie nie, nie my tyd nie, nie my besittings nie, nie eers my liggaam nie: "*Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort*" (1 Kor. 6:20). Omdat ek met alles wat ek is en het aan Hom behoort, moet ek alles in sy diens en tot verheerliking van Hom en sy koninkryk gebruik.

## Eniggebore Seun van God

Watter rykdom aan heerlike waarheid is daar in hierdie naam van ons Saligmaker! Alles wat ons oor Hom glo, staan op die waarheid van hierdie naam. As Hy nie die eniggebore Seun van God was nie, sou Hy vir ons niks wees nie.

Hierdie naam is ook 'n deel van die Bybelse waarheid dat Jesus Christus God is, heeltemal aan die Vader gelyk. Al word dit vandag deur baie mense ontken, het selfs die ongelowige Jode in die tyd van Jesus verstaan wat Hy beweer het. Toe Hy Homself die Seun van God genoem het, het hulle klippe opgetel om Hom weens godslastering dood te maak (Joh. 8:59; Joh. 10:30-42). Hulle het baie beter verstaan as sommige mense vandag.

## Jesus is uniek

Die naam *eniggebore Seun van God* leer sy Godheid selfs kragtiger as die naam *Seun van God*. Dié naam laat sien dat, van al God se kinders, Jesus uniek is; die ewige en eie Seun van God. Die waarheid van die naam *eniggebore Seun van God* word dikwels in moderne vertalings van die Bybel te na gekom. Nie alleen word belangrike verse soos 1 Tímotheüs 3:16 só vertaal sodat daar geen verwysing na die Godheid van Christus is nie, maar die naam word ook as "enigste Seun" vertaal. Dit is nie waar nie, want Jesus is nie die enigste seun van God nie; Hy is die "eniggebore Seun" (Joh. 3:16,18). Ons is ook seuns en dogters van God, nie 'gebore' nie, maar uit genade aangeneem, om Christus ontwil.

Ons moet besef dat die naam nie alleen 'n presiese en letterlike vertaling uit Grieks is nie, maar ook die naam waarmee die kerk van Christus sy Godheid teen alle teenstand verdedig het.

... vervolg op bladsy 9

# Maar JULLE, wie sê JULLE is Ek ? – Jesus Christus

Dit is niks nuuts nie, deur al die eeue word Jesus Christus bevraagteken, hetsy dat Hy bestaan het, of dat Hy bloot net 'n goeie mens was, dat Hy nooit werklik in die vlees gekom het nie. Die nuutste aanvalle in Suidelike Afrika is natuurlik die Nuwe Hervorming (bv. Spangenberg), en, wat ek die 'Halwe Hervorming' noem (bv. Julian Muller), wat Jesus Christus op een of ander wyse bevraagteken. Eersgenoemde bevraagteken veral sy Godheid, en laasgenoemde sy liggaamlike opstanding.

Dan is daar natuurlik die ateïstiesehumaniste en evolusioniste wat al meer toeneem, wat God se bestaan op sigself bevraagteken. En, soos iemand al gesê het: as dit reën in die wêreld, dan drup dit in die kerk. Soos genoem, is hierdie dinge niks nuuts nie, sien byvoorbeeld 2 Timoteus 3:1-9, van baie 'geleerdes' wat die "*gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het*", en "*wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie*" (vers 5-7).

So ook 2 Timoteus 4:3,4: "*… want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.*"

**Wat moet die regverdige doen ?**
Nou, wat moet die regverdige doen, wanneer beide (liberale) teoloog en predikant, teologiese skole en universiteite deur ongeloofswetenskap in beide teologie (Het God werklik gesê?) en natuurwetenskap (evolusie leuen) besig is om die fondamente om te gooi (Ps. 11:3), en te roem in twyfel, fabels en 'wetenskapsfiksie'?



### Die Here wys ons deur Paulus in 2 Timoteus 3:10-4:2

"*Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering.*"

### Petrus skryf deur die Heilige Gees in 2 Petrus 1:15-21

"*En ek sal my beywer, dat julle ook gedurig ná my heengaan hierdie dinge in gedagtenis kan hou. Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit, want Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke heerlikheid tot Hom gekom het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was. En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.*"

### Christus alleen, sy Woord alleen!

Ja, neem kennis van die dwalinge, leer van medegelowiges en betroubare teoloë van al die nuutste dwalinge (google bv. The Ehrman Project), maar bo alles, wees besig met Jesus Christus, met sy Woord deur gebed en leiding van die Heilige Gees.

### Hou persoonlike stiltetyd.

Hou weer saam as gesin huisgodsdiens en sing Psalms saam. (kyk elders op die blog Pro Regno onder 'bybelstudie' vir meer hulp in die verband)


As jy nie reeds by 'n gemeente is waar Christus en Hom as Gekruisigde (1 Kor. 2:2) verkondig word nie, soek so 'n gemeente op, en woon die erediens getrou by (Luk. 4:16; Hebr. 10:25 – lees weer NGB artikel 27-32 om u daarin te help).

Kom as gesinne saam om Bybelstudie te hou en te kuier en om die tye waarin ons lewe te beoordeel volgens sy Woord. Bid saam as gesinne en families. Naas die Bybel, bestudeer weer die gereformeerde belydenisskrifte, dit is die beste studiemateriaal.

Vervolg op bladsy 9.

# Jesus

## - bestem tot jou val of opstanding.



Lees: Lukas 2:25-35

Teksverse 34-35: "*En Simeon het hulle geseën en aan Maria, sy moeder, gesê: Kyk, hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word - ja, 'n swaard sal deur jou eie siel gaan - sodat die gedagtes uit baie harte openbaar kan word.*"

### Bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie

Josef en Maria het Simeon in die tempel ontmoet op die dag van Jesus se tempelwyding, toe sy met die agt dae oue seuntjie in haar arms gestaan het.

Hulle was daardie dag verwonderd oor die bejaarde man se profesie: (1) Simeon het gesê dat Jesus 'n geskenk van God was; (2) hy het Hom as die Messias herken, en (3) bygevoeg dat Hy 'n lig vir die hele wêreld sou wees. Hy voorspel ook dat niemand neutraal sal staan teenoor Jesus nie; Hy sou óf met vreugde aanvaar word, óf Hy sou volkome verwerp word. Die Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel.

Mense sal moet kies vir of teen Jesus. Dié wat, deur God se genade, vir Hom kies deur in Hom te glo, sal gered word en as te ware opstaan in 'n nuwe lewe. Dié wat teen Hom kies, sal verlore gaan. In sy persoon sal Hy 'n teken wees wat weerspreek sal word.

Hy sal teenstand ondervind teen sy aansprake as Messias. Die weerspreking en teenstand sou uiteindelik uitloop op Sy kruisiging. Die keuse wat mense maak, sal hulle gesindheid bekend maak; die verborge gedagtes van die hart sal aan die lig kom.

### Swaard deur Maria se siel

Wanneer Maria die teenstand en die vyandigheid op die ergste beleef, sal sy ly asof 'n swaard deur haar siel gaan.

Sy het waarskynlik deur die jare dikwels aan veral hierdie woorde van Simeon gedink. Moederskap is mos 'n pynlike voorreg. Elke moeder sal weet watter vreugde én pyn swangerskap en geboorte vir haar gebring het en Maria was boonop die enigste mens wat by Jesus se geboorte én by sy dood was. Sy het Hom as haar babaseuntjie in die wêreld sien kom en as haar Verlosser daaruit sien gaan.

'n Lewe vol genade. Maar Simeon se woorde het kragtig tot hierdie begenadigde se hart gespreek. Vir die eerste keer in die Nuwe Testamentiese Evangeliegeskiedenis word hier verwys na die stryd en lyding wat wag.

Baie jare later, nadat Josef afgesterf, het sien ons weer vir Maria. Sy staan saam met 'n groep gelowige vroue.

'n Ent agter die vier dobbelende Romeinse soldate staan vier medelydende vroue op Golgota: Jesus se moeder (2:1); Maria, die vrou van Klopas; Maria wat van Magdala af kom (20:1,11) en Jesus se tante (sy moeder se suster – moontlik Salome – Mark. 15:40).

Die vorige paar dae het haar moederhart baie bedroef. Sy het gesien hoe baie mense vir en teen Jesus kies. Sy het gehoor hoe hy veroordeel word en ook dat hy nie eens teruggepraat het nie. Sy kon sien hoe hulle Hom mishandel het toe hy die kruis deur die strate van Jerusalem dra en dit naderhand selfs moes oorgee aan iemand anders, omdat Hy te swak was.

Sy moes staan ek kyk hoe hulle die spykers deur Sy hande slaan en hoe Hy die pyn probeer verwerk. Sy moes verseker daardie dag teruggedink het aan die woorde van Simeon se profesie oor haar Kind. Dit was nou asof daar 'n swaard deur haar siel gaan.

### Die gedagtes van die hart

Wat gaan in jou gedagtes aan oor ons Here Jesus se lyding en kruisdood? Dit wat vir Maria soos 'n swaard deur die hart was? Glo jy dat Hy gesterf het vir jou sondes? Dat jy veronderstel was om lyding en vervloeking self deur te gaan, omdat jy self moes betaal vir jou sondes wat jy steeds wetend en onwetend doen. Glo jy dat Jesus deur die krag van sy Godheid toe die lyding en vervloeking van die sonde kom dra het en vir jou die geregtigheid en die lewe verdien en teruggee het?

Ons Here Jesus Christus, wat God vir jou gegee het, sodat jy met wysheid, geregtigheid en met gedurige heiligmaking kan leef en volkome verlossing kan smaak het met sy lyding en kruisdood vir jou betaal. Hy het as die enigste versoeningsoffer jou liggaam en siel van die ewige dood verlos en vir jou die genade van God en die geregtigheid en die ewige lewe verdien. Hy is onskuldig deur 'n wêreldse regter veroordeel en jy is daardeur bevry van die streng oordeel van God wat oor jou moes kom.

Deur sy dood aan die kruis is ons elkeen seker dat Hy die vervloeking wat op jou en my gerus het, op Hom geneem het, omdat die kruisdood deur God self vervloek is. Dink gerus daaraan wanneer jy weer aan Hom dink. Hy is bestem vir jou opstanding – dit is te sê as jy deur die genade reg kies. Dit wat in jou gedagtes opkom hieroor, sal jou keuse bekend maak.

**Ds. Neil Prinsloo**

# Wie is in beheer? (7)

## Die Heilige Gees vind God se kinders

Ons het reeds gesien dat God die Vader soewerein is in sy verkiesing van sekere mense om hulle van hul sondes te verlos en ons het gesien dat God die Seun soewerein was in sy sterwe om die uitverkorenes te red van hul sonde. Hierdie keer sal ons sien dat God die Heilige Gees ook soewerein is. Hy vind die mense wat God uitverkies het en bring aan hulle die voordele van Christus se dood.

Uit wat ons reeds geleer het, verwag ons dat dit waar sal wees. Indien God die Vader sekere mense uitverkies en God die Seun sterf vir hulle, sou ons verwag dat die Heilige Gees die voordele van Christus se dood aan hulle sou bring. Dit is dan ook presies wat die Bybel ons leer.

## Die wind waai waar hy wil

In Johannes 3:8 lees ons dat "*die wind waai waar hy wil*". Ons hoor sy geluid maar kan nie sê waarvandaan dit kom of waarheen dit gaan nie. Elkeen wat uit die Gees gebore is, is net so. In hierdie vers word die Heilige Gees vergelyk met die wind. Net soos wat die wind waai waar hy wil, net so werk die Heilige Gees waar dit Hom behaag. Net soos wat ons nie kan sê waarvandaan die wind kom of waarheen hy gaan nie, net so kan ons nie sê hoe en waar die Heilige Gees gaan werk nie. Die wind waai wanneer, waar en soos dit wil, of so lyk dit vir ons. Uit ons menslike oogpunt is die wind soewerein in wat dit doen. So is die Heilige Gees ook soewerein in wat Hy doen. Die wind waai somtyds sag en somtyds hard. Net so werk die Heilige Gees somtyds sagkens, op maniere wat ons nie kan sien nie, en somtyds hardhandig, op 'n manier wat almal kan sien. Die Heilige Gees doen wat Hom behaag. In hierdie artikel wil ons kyk hoe die Heilige Gees, wat mense wederbaar (nuut maak), dit op soewereine wyse doen.



## Mense kan hulleself nie geestelik lewend maak nie.

Ons het niks met ons natuurlike, menslike geboorte te doen gehad nie. Net so kan ons nie onsself geestelik laat wedergebore word nie. Hierdie nuwe geestelike geboorte beteken om oor te gaan "*uit die dood na die lewe*" soos Johannes 5:24 dit stel. 'n Geestelik dooie persoon kan homself net so min geestelik lewendig maak as wat 'n fisies dooie persoon homself fisies lewendig kan maak. Mense wat geestelik dood is in hulle sonde kan hulleself nie geestelik lewendig maak nie. In Johannes 6:63 lees ons dat dit die Heilige Gees is wat mense geestelik lewe gee.

Die Heilige Gees gee egter nie hierdie nuwe lewe aan almal nie. Hoekom nie? Die algemene antwoord hierop is dat nie alle mense Christus vir hul saligheid vertrou nie. Baie mense sal sê dat die Heilige Gees slegs nuwe geestelike lewe gee indien die betrokke persoon reeds in Christus glo. Hierdie antwoord plaas egter dinge in die verkeerde volgorde. Dit is nie ons geloof wat lei tot nuwe geestelike lewe nie, maar dit is die nuwe geestelike lewe wat geloof met dit saam bring. Geloof is nie iets wat ons van nature het nie. 2 Tessalonisense 3:2 sê dat nie alle mense geloof het nie. Efesiërs 2:1 vertel ons dat ons van nature dood is vanweë ons ongehoorsaamheid en sonde. As ons dus dood is, kan ons nie geloof hê nie want dooie mense kan niks glo nie.

## Die werk van die Heilige Gees gebeur voordat ons in Christus glo.

Die werk van die Heilige Gees om nuwe geestelike lewe te gee, gebeur voordat ons in Christus glo. 2 Tessalonisense 2:13 sê: *". . . dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid"* (1953 vertaling). Hier was die lesers van Paulus se brief deur die Heilige Gees afgesonder voordat hulle die waarheid geglo het. Wat beteken dit om deur die Heilige Gees afgesonder te wees? Veronderstel een honderd mense hoor die goeie nuus - Verlossing deur geloof in Jesus Christus - maar slegs een persoon glo. Daardie een persoon is geestelik wedergebore. Hy het nuwe lewe. Hy is afgesonder, of is afgeskei van die ander 99 wat nie glo nie. Nou, 2 Tessalonisense 2:13 leer dat die mense wat God uitverkies het deur die Heilige Gees afgesonder is en die waarheid glo. Die volgorde van dinge is belangrik. Eerstens God se uitverkiesing, dan die afsondering deur die Heilige Gees en laastens die geloof in die waarheid. Hierdie is dieselfde volgorde as in 1 Petrus 1:2 wat praat van uitverkiesing deur God, afsondering deur die Heilige Gees en dan van geloof in die bloed van Jesus Christus. Voordat ons in Jesus Christus glo, moet daar die werk van die Heilige Gees wees om ons af te sonder en selfs nog voor dit, moet ons uitverkies wees.

## Die werk van die Heilige Gees is nodig om God se plan vir sy volk te voltooi.

Indien God slegs Christus gegee het om vir sondaars te sterf, sou nie een sondaar gered gewees het nie. Die Heilige Gees se werk is van lewensbelang. Hy moet sy soewereine taak verrig voordat enige sondaar die nodigheid kan sien om van sy sonde gered te word. Die sondaar moet gereed gemaak word om Christus te wil ontvang. Sonder die werk van die Heilige Gees sal niemand glo nie ten spyte daarvan dat die goeie nuus van verlossing deur geloof in Jesus Christus dikwels verkondig word. Niemand sal in Christus glo as die Heilige Gees dit nie in sy hart werk nie. Die rede daarvoor is dat almal God van nature in sy hart haat (Ps. 53:4, Rom. 3:11, Rom. 7:18). Dus, omdat die Heilige Gees in hulle harte werk, glo God se uitverkorenes.

**Het God die Heilige Gees al begin om in jou hart te werk?**
Glo jy in Jesus Christus? Wil jy 'n gelowige wees? Luister! As jy in Jesus Christus wil glo, moes iets jou anders gemaak het as almal van hulle wat weier om na Jesus Christus te kom. Jou soeke na verlossing in Jesus Christus is 'n teken dat die Heilige Gees jou gevind het! Beteken dit dan nie dat jy een van God se kinders is vir wie Christus gesterf het nie? Dink daaroor!

Vervolg vanaf bladsy 6.

Ondersoek opnuut of jy as ouer getrou is aan die doopsbelofte, en of die skool waarheen jy jou kinders stuur jou help om jou kinders te onderrig volgens die gereformeerde leer. Lees ook goeie Christelike boeke (Augustine Bookroom), begin met Calvyn se *Institusies*, die een volume uitgawe wat weer beskikbaar is (kontak (0027 18 297 3986).

Om te help met hierdie reformasie, terug na Christus alleen, soek www.enigstetroos.org en google: Wat dink u van die Christus? Geskryf deur prof. Paul de Bruyn. Druk die pamflet uit, bestudeer dit weer saam om opnuut te weet wie die Christus is, met 'n oop Bybel langs jou (Hand.17:11).

### Wat dink u van die Christus?

Met ons mense en land wat al meer terugval in pure heidendom en ongeloof, moet ons nie dink dat mense meer die basiese kennis van die Skrif of van Jesus Christus het nie. Gebruik die boekie vir evangelisasiewerk onder jou familie, vriende en werkskring.

Ons moet ook weer as gesinne en gelowiges die Bybel net sit en deurlees, van hoek tot kant. Google die volgende leesmetode wat jou kan help, alhoewel daar ook baie ander is: Horner Bible Reading System.

Laat ons gebed en versugtinge wees, op watter terrein van die lewe en denke wat die Here ons geroep het om te arbei: '*HERE open my oë dat ek kan sien die wonder van U Seun vir ons as sondaars"* (Ps. 110:4), "*die wonders uit u Woord"* (Ps. 119:18), "*en die wonders in u skepping"* (Ps. 19), "*soli Deo gloria"* (Rom. 11:33-36)!

Ten einde is die belangrikste vraag nie of ons al die nuutste dwalinge, klippe en slangkos ken wat die nuutste liberale teoloog of evolusionistiese wetenskaplike ons wil voorhou as 'ware kennis' nie, maar of ons Jesus Christus ken, en Hom as Gekruisigde, Hy is die sleutel tot alle wysheid (Kol. 3:2,3,8).

Ds. Slabbert Le Cornu

Vervolg vanaf bladsy 5.

**Die rede vir ons kindskap**
Nog 'n aspek van die groot waarheid dat Jesus God se eniggebore Seun is, is dat sy seunskap die grondslag en rede vir ons eie kindskap is. Daarom word Hy ook die "*Eersgeborene*" genoem (Heb. 1:6; Heb. 12:23). In die Bybel is die eersgeborene die een wat die moederskoot open (Eks. 13:2). As eersgeborene in die huisgesin van God, is Jesus die een wat die weg uit die 'skoot' van die dood en die graf vir al sy broers open wanneer hulle as seuns en dogters tot die huisgesin van God weergebore word. Sonder Hom sou ons wees soos kinders voor die geboorte, maar wat nie gebaar kan word nie. In die Ou Testament is elke eersgeborene, met die oog reeds op die werk van Jesus as eersgeborene, spesiaal aan God toegewy.

Hierdie naam kan, net soos die ander name van Christus, nie stilweg bely word nie. Die enigste manier waarop ek of jy hierdie naam kan bely is deur te sê: *die eniggebore Seun van God* is my God.

Deur te sê dat Hy my God is, vind ek in sy Godheid, wat op so 'n unieke wyse in hierdie naam weergegee word, 'n vaste fondament om in Hom te glo en op sy genade te hoop. Bely jy dat Jesus jou Here en jou God is? Lewe jy en gebruik jy alles met die besef dat dit aan Hom behoort? Dan is Hy waarlik jou Here en jou God. Die rede vir jou kindskap!

*(Geneem uit verskeie dele van die boek: "Doctrine according to Godliness"van Ronald Hanko. Die boek word tans vertaal deur Nic Grobler. Redaksionele aanpassings is gemaak om by die tydskrif formaat aan te pas.)*



## *"Doctrine according to Godliness"* word

# "Gesonde Woorde"

'n Vertalingsprojek om die vertaling van die gewilde Amerikaanse boek "*Doctrine According to Godliness*" te vertaal in Afrikaans, is in volle swang. Die boek beklemtoon weer die belangrikheid van die dogma, oftewel *leer* van die kerk. Die verwagte Afrikaanse titel sal *Gesonde Woorde* wees en hou die belofte in om gelowiges en soekendes die sleutel te gee om antwoorde te kry op sekere vrae in die geloof.

Heel dikwels is die soeke na Bybelse antwoorde so 'n moeisame proses, dat ons eerder opgee. Die outeur het kort, maklik leesbare en verstaanbare antwoorde voorberei op 235 onderwerpe in die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus (1 Tim. 6:3-5). Die antwoorde is almal slegs een of twee bladsye lank. 'n Indeks onder die verskeie afdelings sal die leser toelaat om die antwoord op sy vraag na te slaan.


Die boek maak dit besonder maklik vir ouers en ouer kinders om onderwerpe op te soek en ook vir nuwelinge om antwoorde op onbeantwoorde vrae te vind. Dit word reeds met vrug gebruik op die Amerikaanse en internasionale sendingveld.

Die boek bevat onderwerpe soos: Openbaring; Die Woord van God; God se name; Menslike verantwoordelikheid; Die verbond; Die name van Jesus; Twee bome in die paradys; Uitverkiesing; Roeping; Roeping en prediking; Ouderling; Predikant; Diaken; Verlossing; Vrede; Die Antichris; Hemel; Hel en baie meer. (Altesaam 235 onderwerpe)

Indien jy belangstel om meer uit te vind oor hierdie projek of om 'n finansiële bydra te maak in die uitgee van die boek, kontak my gerus by (+264 81) 294 0055.

**Ds. Neil Prinsloo**

# Van die vertaler




Die titel van die boek "*Doctrine According to Godliness*" is die woorde wat Paulus in 1 Timotheüs 6 gebruik om die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus te stel teenoor die onvergenoegdheid en nutteloosheid van onsinnige praatjies van mense wat op 'n dwaalweg verkeer. Elders noem Paulus dié leer ook "*die kennis van die waarheid*" (2 Tim. 2:25; Titus 1:1).


Die vertaling van Ds. Ronald Hanko se werk in Afrikaans is 'n beskeie tree op die weg wat Christus beveel het om hierdie kennis van die waarheid aan al die nasies te leer (Matt. 28:19).

Ds. Hanko het die Skrifgetroue King James Vertaling van die Bybel van 1611 (KJV) gebruik. Die naaste ekwivalent in die Afrikaanse taal, die 1933/1953 vertaling van die Bybel (AOV), word by die vertaling van Ds. Hanko se werk in Afrikaans gebruik.

Die belydenisskrifte wat in die werk gebruik word, is die bekende Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Ekumeniese Belydenisskrifte. Hiermee saam ook die Geloofsbelydenis van Westminster, met die gepaardgaande Groot en Klein Kategismus, wat geredelik in Engels op die internet toeganklik is.

Eie aan ons Gereformeerde erfenis is die oorspronklike Engels van Ds. Hanko in sy boek eenvoudig en soms verrassend onomwonde en daarom nie vreemd aan Gereformeerde Afrikaanssprekendes nie. Daar word bewustelik daarna gestreef om by die vertaling die onopgesmukte aanslag van Ds. Hanko te behou.

**Nic Grobler**




Hepatitis is inflammasie en swelling van die lewer en kan veroorsaak word deur verskeie faktore soos, infeksie, alkohol, medikasie en outo-immuun reaksies van die liggaam. Geelsig is slegs 'n simptoom van lewersiektes, daarom is dit nie korrek om alle vorme van Hepatitis, Geelsig te noem nie.

### Verskeie tipes Hepatitis

Infeksies kan verskeie tipes hepatitis veroorsaak. Hipatitis deur virusse is Hepatitis A,B,C,D,E, geelkoors en slenkdalkoors.

- Hepatitis deur protosoë – bv. Malaria en bosluiskoors.
- Hepatitis deur bakterieë – bv. E-coli en salmonella.
- Hepatitis deur parasiete – bv. wurms soos lintwurms, tenia saginata, t-soluem.

Misbruik van alkohol en selfs medikasie tas ook die lewer aan en te veel Panado kan erge lewer skade veroorsaak. Outo-immuun siektes soos SLE kan ook die lewer affekteer.

## Hepatitis A

### Simptome

- Soos enige virale infeksie – koors, hoofpyn, moegheid, spierpyne naarheid, braking.
- Geelsug wat in die oë, urine en op die vel gesien kan word ontwikkel ook.
- Swelling van die lewer wat dan gal obstruksie/ verstopping gee.

### Jy kan aansteek van:

Kraanwater, ysblokkies, slaaie, vrugte en groente, half-gaar vleis, ongepasteuriseerde melk en besmette mossels en oesters. Dit kan verder ook seksueel en deur bloed oortappings oorgedra word.

### Behandeling

Die diagnose word bevestig deur bloedtoetse. Die behandeling varieer na gelang van die graad van infeksie en die simptome. Die siekte is selfbeperkend en nie lewensdreigend nie. Indien die siekte verwaarloos word kan pasiënte sterwe. Iminoboosters en behandeling vir die lewer asook aanpassing van jou dieet is in meeste gevalle voldoende behandeling.

In verwaarloosde gevalle kan lewerskade so erg wees dat lewerversaking en sirrose intree.

### Voorkoming is beter as genesing

- Daar is immunisasie in spuit vorm beskikbaar wat eenmalig gegee word en wat 20 jaar dekking gee.
- Verder is goeie voedsel higiëne en die was van die hande belangrik.
- Maak seker kos is goed voorberei en vleis, oesters en mossels word goed gaar gemaak.
- Spoel groente en vrugte goed af onder lopende water.
- Vermy ongepasteuriseerde melk en drink altyd vars water.

**Dr. Erich Kesslau**



# Spinasie Quiche

### Bestandele:

1 rol klaar voorbereide blaardeeg ("*Puff Pastry*")
1 bos spinasie
1 ui, gekap
250g spek
1 klein houertjie feta kaas
250g sampioene, in skywe gesny
2 groot tamaties, gehalveer en in skywe gesny
2 eiers
100ml melk
250ml gerasperde cheddar kaas



Voorverhit die oond op 180 °C. Spuit 'n langwerpige "*Pyrex*" bak of ronde tert bord met "*Spray & Cook*". Lê die bak uit met die blaardeeg. Kap die spinasie op en kook dit vir 10 min in sout water. Dreineer dit en laat dit afkoel. Braai die gekapte ui en spek in 'n pan tot gaar. Skep die spinasie in 'n laag op die blaardeeg. Krummel die feta kaas en strooi dit bo-oor die spinasie laag. Skep die uie- en spek mengsel bo-op die spinasie. Plaas die sampioen skywe in 'n laag bo-op en daarna die skywe tamatie. Klits die eiers en melk saam, voeg sout en peper na smaak by en gooi oor die ander lae. Strooi die gerasperde cheddar kaas bo-oor. Bak vir 30-40 minute in die voorverhitte oond totdat die deeg goudkleurig en gaar is. Bedien saam met 'n lekker mengelslaai.

# Die evangelie

## Help - Ons Maak die Internet Generasie Groot!

Menigte ouers soek maniere om leiding te gee en ook hulle kinders te beskerm in hierdie era van massa inligting waarin hulle grootword. Ons wil hê ons kinders moet goed opgevoed word en 'cyber savvy' besit, maar daar is blykbaar oneindige aanlyn gevare en digitale monsters. Ons vra konstant: Wat is aanvaarbaar in die kuberruimte en wat is nie? Wie is ons kinders se vriende op "*facebook*"? Waarheen gaan hulle in die virtuele wêrelde op die internet? Wat doen hulle regtig op die internet? Hoe kan ons herstel en leer van die foute wat alreeds gemaak is? Watter goeie aktiwiteite moet ons aanlyn aanmoedig?

### Ouers moet by die belangrike vrae uitkom

Ons het strategieë nodig om tydlose Bybelse beginsels toe te pas om teen hierdie storms staande te bly. Ons moet onsself en ons kinders inskerp om ons waardes ook te behou op die internet. So baie is op die spel. Ons is reeds in 'n oorlog om die harte en verstande van die volgende generasie te behou. Alhoewel dit 'n baie moeilike geveg is in die 21 ste eeu, moet ons onthou dat ouers die geveg al deur die eeue veg. Maar ons moet erken dat tegnologie baie vinnig ontwikkel en om te leef met 24 uur internet toegang, bring noodwendig nuwe geleenthede, gevare en uitdagings in hierdie oorlog.



### Watter stappe kan ouers neem?

Hoe kan ek my kinders genoegsaam bystaan om die wêreld wye web en sosiale media te betree?

"*Covenant eyes*" saam met "*Pure Hope*" (blog.purehope.net) het 'n boekie ontwikkel met die naam: "*Parenting the Internet Generation*"



om ouers in staat te stel om hulle kinders te help om veilig in die virtuele wêreld van die internet te reis. Jy kan die boekie aflaai van die internet by: www.covenanteyes.com.

### Die boekie leer ouers van:

Kuber-boelies; Speletjies; Internet Pornografie; Aanlyn Predatore; Sekslyne; Sosiale media; You Tube; Die sewe gewoontes van aanlyn integriteit.



### Niks klop vrymoedige gesprek met jou kind nie

Alhoewel ouers baie kan doen om hulle kinders te monitor, limiete daar te stel en sekere kamers te deaktiveer, bly die belangrikste stap om te neem om jou kinders te leer om vrymoedigheid te neem om altyd openlike en eerlike gesprekke met jou te kan voer. Niks kan 'n genade-gebaseerde, openlike gespreksverhouding met jou kinders vervang nie. Niks sal jou dan keer om openlik met jou kinders te gesels oor seks, tegnologie, verwagtings, doelwitte, grense en gevolge nie. Alles kan gedoen word in die konteks van liefde vir God in ons denke, woorde en dade (Rom. 12:1-2).

Hiervoor het "*Pure Hope*" ook 'n "*Safe-Use Agreement*" vir ouers ontwikkel. Hulle kan dit gebruik om gesprekke met tieners in te lei. Deur hierdie ooreenkoms deur te werk en te onderteken, kan ouers en tieners 'n goeie ooreenkoms bereik oor die voorreg om tegnologie te gebruik. Hierin word verwagtings en verantwoordelikhede by die gebruik en ook misbruik van die internet bespreek. Om slegs hierdie maklike



stap te neem en dit op te volg met gereelde gesprek, neem ouers reeds 'n reuse stap vorentoe om hulle kinders toe te rus om in wysheid, onderskeiding en integriteit te wandel in hierdie geseksualiseerde, tegnologie-gedrewe era waarin hulle leef.

Sien ook: "*Developing a Technology Strategy for Your Family*" by blog.purehope.net .

"*Pure Hope*" het ook "*Age Appropriate Talking Points*" opgesom om ouers by te staan om reinheid van hart en verstand in hulle kinders te kweek.

Besoek verder "*Pure Hope*" se webjoernaal vir meer artikels en video's oor ouerskap in die geseksualiseerde kultuur.

**Kontak gerus:**
South African Internet Filtering Solutions by: www.virtuenet.co.za .

**Lees die onderstaande goeie artikels by:**

www.christianaction.org.za .

- Protect Your Family from Intenet and Cell Phone Porn
- How to block Porn on Your Phone
- Freedom from Pornography

"*En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is*" (Rom. 12:2).

**Redaksie**



# Jesus as mens

Deur die naam, *'Seun van die mens'*, word die ware mensheid van ons Saligmaker beklemtoon. Dit is ook 'n naam wat Jesus vir Homself gebruik en beklemtoon dat Hy in alle opsigte soos ons is, uitgesonderd die sonde.

### Wat beteken: 'Seun van die mens'?

Die feit dat Jesus die Seun van die mens is, beteken dat Hy net soos ons in hierdie wêreld gebore is, dat Hy hier gelewe en gesterf het, dat Hy met ons "*vlees en bloed deelagtig is*" (Heb. 2:14) en net soos ons deel is van die menslike geslag. Dit beteken selfs dat Hy "*in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde"*
(Heb. 4:15).

Dat Jesus ware en volkome mens is, is net so belangrik soos die waarheid dat Hy God is. As Hy nie 'n mens, in alle dinge net soos ons, was nie, kon Hy nie ons Verlosser wees nie. Hy het as 'n mens in die plek van Adam gekom (1 Kor. 15:45-47) en verteenwoordig ons voor God. As ons verteenwoordiger neem Hy ons sondes op Homself, aanvaar volle verantwoordelikheid daarvoor en bewerk vir ons versoening.

As Hy nie 'n mens was nie, kon Hy nie gely en gesterf het nie. As Hy nie volkome mens was nie, kon Hy nie met geregtigheid ons plek aan die kruis geneem het en vir ons sondes gestraf word nie, want die mens moet vir die sonde van die mens ly. As Hy nie in alle opsigte soos ons was nie, kan Hy nie 'n hoëpriester wees "*wat ... met ons swakhede medelye kan hê*" nie (Heb. 4:15). In Jesus as mens, woon die volheid van die Godheid liggaamlik (Kol. 2:9). Daarom is Hy die Een deur wie en in wie ons die onsienlike en allerheerlikste God ken; die Een in wie se aangesig "*die verligting ... van die kennis van die heerlikheid van God*" skyn (2 Kor. 4:6). "*Hy wat My gesien het*," sê Jesus "*het die Vader gesien*" (Joh. 14:9).

### Groot troos in hierdie naam

Daarom is daar groot troos vir hulle wat in dié naam glo. Hierdie naam is Jesus se eie manier om aan ons te sê dat Hy hier op aarde gelewe het, dieselfde dinge gely het as wat ons ly, in alle opsigte versoek is net soos ons, ons dood gesterf het en weer tot die ewige heerlikheid opgestaan het. Dit gee aan ons die versekering dat Hy ons node ken, nie alleen as die Een wat alle dinge weet nie, maar ook as die Een wat dieselfde node gehad het "*in die dae van sy vlees*" (Heb. 5:7). Die naam oortuig ons daarvan dat Hy ons in al ons swakhede en gebreke kan help omdat Hy hulle eerstehands ken. Dit is die versekering dat 'n mens vir die sonde van die mens versoening bewerk het en dat die dood van Christus reddingskrag het. As die Seun van die mens, is Jesus waarlik ons Ouer Broer.

*(Geneem uit verskeie dele van die boek: "Doctrine according to Godliness" van Ronald Hanko. Die boek word tans vertaal deur Nic Grobler. Redaksionele aanpassings is gemaak om by die tydskrif formaat aan te pas.)*

## Immánuel

Die naam kom net twee maal in die Bybel voor — in die belofte van Jesaja 7:14 en die vervulling daarvan in Mattheüs 1:23. Die naam beteken "*God met ons*".

Dit verwys na die feit dat Jesus God én mens in een persoon is. In Hom is God op die mees innige manier één met ons, deur ons menslike natuur met Homself te verenig. Immánuel is die vervulling van al die verbondsbeloftes van God om vir sy volk 'n God te wees en by hulle te woon.



# Jesus Christus - My God

Ek het vyf bekendes gevra om in een sin, so vinnig as moontlik, te antwoord op die volgende vrae:

### Vraag 1 - Wie is Moses?

Johan: "*Moses was die uitverkore man om die volk Israel te lei.*"

Anite: "*Moses was 'n gewone mens wat God gebruik het om as leier van Israel op te tree.*"

Gert: "*Moses se optrede wys op Christus wat ons vanuit ons sonde lei tot in die ewige lewe.*"

Marieke: "*Moses was die seuntjie in die mandjie.*"

Pieter: "*Moses is die aggressiewe leier wat soms uit sy woede opgetree het, deur byvoorbeeld die rots te slaan.*"

### Vraag 2 - Wie is Jesus Christus?

Johan: "*Die Seun van God.*"

Anite: "*Die Verlosser van hemel en aarde.*"

Gert: "*God wat mens geword het, Immanuel.*"

Marieke: "*Die goeie Herder wat ons as sy skape lei.*"

Pieter: "*Die Regverdige in die Ou Testament, wat liefde is, maar toornig optree en kwaad word as daar onreg gepleeg word.*"



### Vraag 3 - Wie is Jesus Christus vir jou?

Johan: "*… God.*"

Anite: "*… persoonlik?*"

Gert: "*… troos vir my lewe.*"

Marieke: "*… dit is 'n diep vraag, ek kan dit nie met woorde beskryf nie.*"

Pieter: "*… sjoe!*"

### Hartsvraag

Hierdie laaste vraag is 'n diep persoonlike vraag. Dit is inderdaad 'n hartsvraag. Toe ek hierdie vraag vra, was dit asof hulle almal in 'n hoek vasgedruk word en asof die aarde vir so rukkie stil gestaan het. Verby die feitekennis dring dié vraag tot die dieptes van die mens se hart. Om te vra '*wie is Moses vir jou?'* is glad nie so treffend nie. Die persoon Jesus Christus, wie self nie een boek geskryf het nie, maar oor wie miljoene boeke geskrywe is, het egter die mensdom verander en die mensdom wie se harte hy aangeraak het, kan nie stilbly oor wie Hy is nie. Die rede? Hy is 'n intieme God. Hy roep jou by die naam en leef in 'n verhouding met jou. Jesus Christus druk die hele mensdom in 'n hoek, want elke knie sal buig en elk mond sal nog bely dat Jesus die Christus is.

Die antwoord op die vraag dryf jou selfs tot trane as jy daaroor begin dink. 'n Mengelmoes van gevoelens kom op in jou hart. Hartseer, as gevolg van jou sonde. Blydskap, omdat jy weet jy is vergewe. Hartseer, omdat Christus vir jou sondes moes sterf. Blydskap, omdat Hy opgestaan het.

Jesus Christus is nie net 'n onpersoonlike klomp dogmatiese feitekennis nie. Hy is 'n persoonlike God, wat mens geword het en vir ons nuwe harte gegee het.

As Jesus Christus deur die Heilige Gees in jou woon, is jou lewe soos 'n fontein wat oorborrel. Die blydskap van verlossing kan jy nie binne hou nie. Jy borrel oor van blydskap, in so 'n mate dat jou hele lewe van Hom getuig. Die manier waarop jy praat, die manier waarop jy jou werk doen, jou hele optrede getuig van wat in jou hart aangaan.

Morne Diedericks

# Die goeie herder

**Johannes 10:1-21**

In die gelykenis van die goeie herder gebruik die Here die beeld van die herder en sy skape om die verhouding te verduidelik wat daar tussen Hom en sy volgelinge bestaan. Die beeld kom van die skaapwagters van daardie tyd. Hulle het rondgetrek agter weiding aan en dikwels in die oop veld geslaap (Luk. 2:8).

In die winter het hulle langer op een plek gebly en dan snags die skape in die kraal gebring. Dikwels was die kraal voor die opening van 'n grot sodat die skape daar 'n beskutting teen die reën kon hê. As die kraal groot genoeg was, is verskillende kuddes in die een kraal gejaag. Dit het geen moeilikheid opgelewer nie omdat die herders in die môre elkeen sy skape geroep het en die skape die stem geken en dan uitgekom het agter die herder aan.

By die hek het 'n wagter op sy pos gebly om teen moontlike diewe te waak. Enigeen wat oor die muur ingeklim het, was 'n dief, maar die een wat verby die wagter by die hek kon inkom, was die herder van die skape. Ook was die skape so gewoond aan die stem van hul herder dat hulle nooit 'n vreemde sou volg nie. Hulle het nie die vreemde se stem geken nie en het dan van hom weg gevlug.

Só is die volgelinge van Jesus ook sy skape wat Hy in sy kraal saambring en dan by die hek waak oor hulle veilige bewaring. Die verhouding tussen Hom en sy skape moet ook so intiem wees dat Hy hulle by die naam kan roep en hulle sy stem kan ken en Hom volg. Indien 'n vreemde hulle wil verlei, behoort hulle daardie een nooit te volg nie maar eerder van hom weg te vlug. Waar so 'n sterk band tussen herder en kudde bestaan, sal geen dief of roofdier hulle kan skade aandoen nie.

Dit was duidelik dat die hoorders niks van hierdie gelykenis verstaan het nie. Daarom gaan Jesus voort om die saak 'n bietjie anders aan hulle te stel. Nou leer Hy: "*Ek is die deur van die skape.*" Hy is nie net die wagter by die hek nie, maar die hek self. As iemand in die kraal wil inkom, moet hy deur die hek, Jesus Christus, ingaan. Die skaap wat op hierdie manier in die kraal kom, se lewe word gered en hy kan ingaan en uitgaan en oorvloedige weiding vind. Die dief weier om by hierdie hek in te kom. Nou sê Jesus dat almal wat vóór Hom gekom het, d.w.s. die godsdienstige voorgangers van die volk, eintlik diewe en rowers is wat net hul eie voordeel gesoek het en nie die versorging van die skape beoog het nie.

Daarteenoor wil Jesus aan die skape lewe en oorvloed skenk. Dan pas die Here weer die beeld aan deur te sê "*Ek is die goeie herder.*" Daarna gaan Hy voort om te verklaar dat dit die kenmerk van die goeie herder is dat hy bereid is om sy lewe af te lê vir sy skape. Die huurling, wat nie die egte herder of die eienaar van die skape is nie, vlug weg wanneer hy 'n wolf sien nader kom en hy laat toe dat die wolf die skape vang en uitmekaar jaag. So 'n huurling het geen belang by die skape nie en is ook nie aan hulle verbonde soos die herder nie. Daarteenoor is Jesus die goeie herder wat met 'n sterk band van liefde aan sy skape verbonde is.

Dan vertel die Here van sy dood wat aan die kom is. Hy lê werklik sy lewe af vir die skape. Hy doen dit vrywillig omdat Hy die wil van die Vader ken. En juis omdat Hy dit vrywillig doen, sal Hy sy lewe weer opneem. Daar sal vir Hom verseker 'n opstanding uit die dode wees. In dit alles bly Hy aan die Vader gehoorsaam.

Met 'n profetiese blik sien Jesus die uitbreiding van die kerk oor die grense van Israel heen. Daarom verklaar Hy dat Hy nog ander skape het en dat hulle ook ingebring moet word, sodat dit een kudde en een herder kan wees. Onder die volke van die wêreld het Hy sy skape en oor die grense van die volke en tale heen wil Hy hulle byeenbring in die eenheid van die kudde van Christus.



**Joh. 10:11**
**Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.**

# Christus

## Ons Verlosser, ons troos



Teksgedeelte: Lukas 2:1-20

Fokusvers: Vers 11: "*...dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here is.*"

Die behoefte aan uitkoms in nood sal altyd deel wees van ons bestaan. Ons dagtaak word nie verrig in 'n wêreld sonder nood nie. Inteendeel, saam met Asaf wil ons uitroep dat ons voete dikwels wil gly (Ps. 73). Die ellende van hierdie wêreld wil ons maklik oorweldig. Gelowiges se lewenspad is nie net afdraendes en gelykpaaie nie. Tog is daar 'n reuse verskil tussen die gelowige en die ongelowige in hierdie wêreld.

### Gelowige en ongelowige

Hierdie reuse verskil word vir ons aangedui in ons fokusvers: Daar is vir ons 'n Verlosser gebore. Omring deur wêreldnood, ekonomiese toestande wat wêreldwyd agteruitgaan, gebrek aan waardes wat die samelewing insluk, die geringskatting van lewe en besitting van 'n ander, depressiewe lewenstoestande, persoonlike worstelinge, geloofstwyfelinge, Job-oomblikke en Jesaja-vertwyfelings, is daar een groot troos vir die gelowige. Die Verlosser is reeds gebore. Die stryd in hierdie wêreld gaan verby.

Wanneer ons worstel word ons gedra deur die hoop en die wete dat Hy regeer. Maar bo alles weet ons ook dat hierdie worstelinge tydelik is. Dit gaan verby. Daar is' n heerlikheid wat veel groter is as wat ons nou rondom ons beleef. Daar is' n heerlikheid wat deur Christus, die Here, gewaarborg is. Vir die wat glo, is daar 'n tuiskoms, 'n uitkoms, 'n redding ... , want die Redder is gebore.

### Vir ons gebore

Vir ons as gelowiges is dit juis hierdie wonderlike feit dat die Verlosseer gebore is, wat maak dat ons nie net hoef te oorleef nie, maar ons kan werklik *leef*, ons uitleef, voluit leef - omdat Hy gebore is! In ons fokusvers staan: Hy is gebore vir julle – vir ons! Dit is nie 'n veraf Verlosser nie, Hy is nie onbereikbaar nie. In tye van nood is Hy nie ver nie. Hy is gebore vir ons.

### Ons roeping

Juis omdat die toekoms aan ons so onbekend is, lewe baie mense met die gedagte dat ons moet eet en drink want môre sterf ons. Die gelowige sê: laat ons *ten spyte van* die feit dat ons dalk môre sterf, eet en drink en vrolik wees. Nie omdat die lewe verbygaan nie, maar omdat die lewe vir ewig daar is. Vir ons is 'n Verlosser gebore. Ons hele lewe getuig van daardie vreugde. Niks mag ons van hierdie wete skei nie: daar is vir ons 'n Verlosser gebore. Geen nood of pyn of angs of beproewing of seer of swaar mag die vreugde van ons lewe ons ontneem nie. Soms sterf mense terwyl hulle nog lewe. Die gelowige lewe al sterf hy.

Al is dit so dat ons nie aanhoudend daaraan dink en dat ons nie geduring in die gees by die krip in die stal van Bethlehem vertoef nie, leef dit tog onbewus in ons en bring aan ons 'n mooi, heerlike en suiwere lewensroeping: LEEF, ongeag wat, want vir ons is 'n Verlosser gebore. Hy is Christus, die Here.

Alhoewel ons in hierdie wêreld leef en tussen duisende ander mense leef, is ons voordurend besig met 'n ander vreugde, 'n volle vreugde. Ons is besig met iets hoër as hierdie wêreld met sy sonde en twis, sy onreg en sy ongeloof, sy gejaag na eer en geld, sy siekte en sy dood. Ons leef met 'n voller vreugde. 'n Vreugde wat ons kry by die krip in Bethlehem.

Vir ons is gebore: 'n Verlosser. Hy is Christus die Here. Daarom kan ons deur die lewe gaan met kinderlike blydskap. Hy het gekom. Hy het Verlos. Ongeag my lewensomstandighede. Daardie vreugde kan my nooit ontneem word nie.

**Ds. Hannes Noeth**